

BOSMAN DI RAVELLI

'n Afrikaanse Klaviervirtuoos Wat Europese Bekendheid Verwerf Het

[Baie Afrikaners sal hulle nog 'n skitterende Afrikaanse klavierspeler herinner wat 'n paar jaar na die Tweede Vryheidsoorlog die land deurreis en in al die vernaamste sentra opgetree het. Sedertdien is die vraag dikwels gestel: wat het van hom geword en waarom het hy nie weer na sy vaderland teruggekeer nie? Die kunstenaar was Bosman di Ravelli, en hierdie vrac en nog baie ander in verband met hierdie interessante kunstenaarspersoonlikheid word in onderstaande artikel beantwoord. — RED.]

BOSMAN DI RAVELLI is in 1882 op Piketberg gebore. Sy vader Isak stam af van die Bosmans aan wie die grootste gedeelte van die huidige Bottellary in vroeër jare behoort het, en sy moeder, Hermina Boonzaier, het opgegroeï op die plaas Winkelshoek, geleë aan die helling van die Piketberg en aangelê deur haar grootvader, P. J. Boonzaier, in 1781.

Nadat hy aan die Victoriakollege op Stellenbosch sy studie voltooi het, is Bosman di Ravelli op sewentienjarige leeftyd na Duitsland, waar hy onder verskillende meesters gestudeer en veral onder die invloed van Vladimir Pachmann, die beroemde Chopin-vertolker, gekom het. Sewe jaar lank was hy in Europa, en gedurende dié tyd het hy nie alleen studeer nie, maar geleentheid gehad om sy kuns op 'n hoë peil van ontwikkeling te bring. Vir hierdie doel was hy gelukkig om te kan optree voor veeleisende gehore. Die begin het hy gemaak in Parys. Pachmann het hom voorgestel aan die gravin De Vigne, wat algemeen bekend was as 'n beskermster van die musiek. In haar salon, waar groot musici dikwels vergader het, het hy gespeel. Sy vertolking van Chopin het opgang gemaak, en die jong Afrikaner het tot die besef gekom dat die toppunt van die virtuosedom ook vir hom moontlik kon word.

Daarna het hy in Rome gespeel en toe volg sy eerste konsert in Berlyn. Hier het hy 'n besonder goeie indruk gemaak. Veral die mening van een kritikus, prof. Taubert, die groot liederekomponis en virtuoos, was vir hom veel werd. „Verlede Donderdag het 'n baie jong klavierspeler sy debut voor die Berlynse publiek gemaak,” het hy geskryf. . . . „Ravelli se aanslag is wonderlik sag en klankryk, sy passasie-werk helder en die finesse van sy klankkleur soos Chopin dit sou wou gehad het. Die manier waarop hy die verskillende temas behandel en deurgevoer het, gee bewys van 'n buitengewone talent. . . . Ek kan net sê dat ons egte, onvervalste Chopin kon geniet.”

Na hierdie konsert het Ravelli in verskillende stede in Duitsland opgetree en is oral met geesdrif ontvang. Sy grootste triomf was egter in Maagdeburg, waar hy 'n suiwer Chopin-konsert gegee het. Die hoogste lof wat die pers hom tot dusver toegeswaai het, het hy hier ontvang: „Ravelli behoort getel te word onder die beste Chopin-spelers van die wêreld.”

Teen die end van die somer is Eduard Grieg se verjaardag op feestelike wyse gevier, en musici van al die wêrelddele het in Bergen byeengekom om hom hulde te betuig. Ook Ravelli het daaraan vertrek en die eer geniet om voor die groot meester op te tree. Nadat Grieg aandagtig geluister het na Ravelli se vertolking van sy (Grieg se) *Carnival*, het hy gesê: „Vandag het die Noorde en die Suide mekaar ontmoet. Jou suidelike temperament het my Noorse komposisie verwarm.” Ravelli se volgende reis was deur Italië, waar hy o.a. in Rome met sukses opgetree het.

Na die Tweede Vryheidsoorlog het hy na Suid-Afrika teruggekeer, vol planne om die musiek in sy vaderland te bevorder en sy volk op hierdie terrein te dien. Hy sou 'n reeks konserte op verskillende plekke in die land hou en hom dan in die Westelike Provinsie vestig as leermeester

deur

MAXIE BOSMAN

in die musiek. Daar was seker maar min plekke van belang in die land waar Ravelli nie opgetree het nie. Oral was daar geesdrif, want vir musiek-liefhebbers was sy spel 'n openbaring, terwyl sy buitengewone persoonlikheid die mens getrek en bekoor het. „Die hele uitvoering was skitterend,” het een verslag gelui, „maar 'n mens moet nie vergeet dat die persoonlikheid van die kunstenaar 'n groot rol gespeel het om die geheel tot 'n hoogtepunt te bring nie.” 'n Ander aantreklikheid van sy konserte was die interessante toesprakes wat hy oor sy vertolkings gehou het — in Afrikaans sowel as in Engels.



Bosman di Ravelli

Die meeste van Ravelli se konserte het stampvol sale getrek; maar daar was ook uitsonderings. In 'n klein dorpie was hy tuis by 'n vooraanstaande gesin A—, waarvan die lede besonder musikaal was. Die konsert is swak besoek, maar Ravelli het hom nie daardeur van stryk laat bring nie. Na die konsert kom hy huis-toe, soos gewoonlik baie opgewek en vol grappies. „Maar, Ravelli,” vra sy gasvrou, „wat het jou vanaand besiel? Jy het gespeel soos ek jou nog nooit tevore gehoor het nie.”

„Ek het inspirasie gehad,” kom die antwoord. „Vanaand het ek uitsluitend vir die gesin A— gespeel.”

In 1909 het Daisy Maartens Bosman na byna vierjarige sangstudie in Duitsland in Suid-Afrika teruggekeer. Sy en Ravelli het nou 'n reeks konserte georganiseer. Die eerste, in Kaapstad, was 'n skitterende sukses. Ravelli se konserte het van toe af 'n dubbele aantrekkingskrag gekry, want almal het Daisy Bosman se frisse, helder sopraanstem bewonder. Vir die eerste maal het Afrikaners liederen in hul eie taal hoor sing deur 'n kunstenaar van betekenis. Onder andere het sy ook drie komposisies van Ravelli gesing — seker die eerste Afrikaanse kunslidere deur 'n Afrikaner gekomponeer. Die bekendste twee was op die woorde van *Winternag* (Eugène Marais) en *Die Veldwindjie* van Jan Celliers.

Wat ook al van hierdie liederen gesê mag word — die meeste mense het hulle links laat lê, om-

dat die begeleiding te moeilik en eienaardig was — een ding is seker, hulle is oorspronklik en het volkome afgewyk van die „song”-tradisie. Ravelli het die misterie van die veldwindjie en die skerp koue en verlatenheid van 'n winternag probeer weergee soos hy as Afrikaner dit aangevoel het in die musiek.

Ravelli het gou besef dat daar nog baie jare sou verbygaan voordat die musiek tot sy reg sal kom onder die Afrikaners. Vir hom sou dit van geen nut wees om hier te woon nie, want hy sou tog weinig kon uitvoer, en dit sou buitendien beteken die vernietiging van sy kuns. Hier was geen aansporing vir 'n kunstenaar om verdere hoogtes te bereik nie, en soos elkeen weet, is daar vir die virtuoos geen stilstand nie — net vooruitgang of agteruitgang. In 1911 het hy toe sy vaderland vir goed verlaat.

In die *Munchener Neueste Nachrichten* van 1914 verskyn daar 'n berig oor hom. Nadat die kritikus melding gemaak het van hoe geesdriftig die gehoor was, kom hy tot die gevolgtrekking: „As 'n mens na sy musiek luister, vergeet jy hoe heerlik hy tegnies toegerus is.”

In die beginjare van die Wêreldoorlog het hy verskillende kere in Londen opgetree. In verband met een van hierdie konserte, toe onder andere drie van Ravelli se liederekomposisies voorgedra is, lui 'n persberig as volg: „Dit is moeilik om te sê of sy roem groter sal wees as uitvoerende klavierspeler of as skeppende komponis. . . . Die liederen is nie konvensioneel nie, hulle het 'n sombere bekoorlikheid, en die patos van die temas is goed uitgewerk. 'n Oneindige droefheid wat heeltemal buitengewoon is, kenmerk die lied „Two” — iets in die musiek wat miskien Edgâr Allen Poe in die literatuur kon wees — kragtig, beskrywend en vol van welsprekende realisme.”

Die oorlogsjare het voortgesleëp, en eindelijk is ook Ravelli opgevang in die groot maalstroom. Na 'n lang siekbed het sy geneeshere hom tydelik verbied om sy musiek te beoefen. Hy het toe na Italië verhuis, in die hoop dat hy in die milder suidelike klimaat die nodige kragte sou herwin vir sy veeleisende werk as klavierspeler. Toe hy opnuut die skoonheid bewonder van die land wat hy in Europa die liefste het, het sy kunstenaars-talent op 'n heeltemal nuwe terrein uiting gevind — nl. op die gebied van die digkuns. Dit was maar vir eie vermaak, maar waarskynlik het ander ook daarvan gewete. Ewewel, 'n Engelse uitgewer het belangstelling getoon; en in 1921 het daar van Ravelli 'n digbundel verskyn onder die titel „In an Italian Mirror”, wat veral in die Verenigde State 'n goeie afset geniet het. 'n Resensie wat ek daarvan in 'n Engelse blad gelees het, was besonder gunstig.

Ravelli het 'n deeglike studie gemaak van die klassieke sowel as die moderne Europese literatuur en het so 'n goeie kennis van die verskillende Europese tale dat dit moeilik is vir 'n Fransman, 'n Italiaan of Duitser om te ontdek dat hy nie tot een van hierdie volke behoort nie. Die jongste toevoeging tot sy taalkennis is Arabies. Hy meen dat dit beslis die moeite geloon het om hierdie moeilike taal aan te leer, want daar lê 'n groot geestesrykdom in die eeue-oue literatuur opgeslote. Ravelli het in die afgelope jare 'n groot aantal gedigte uit Arabies in Engels vertaal, terwyl 'n Arabies-Engelse woordeboek, waaraan hy al jare werk, binnekort gereed sal wees.

Al meer en meer het studie en letterkundige arbeid Ravelli se daaglikse bestaan geword, want sy kragte is ongelukkig nie toereikend vir die inspannende arbeid wat vereis sal word om sy vroeëre vaardigheid as klavierspeler te herwin nie. Hy het nou Italië sy tuiste gemaak, waar hy die gelukkigste voel en wat hom inspireer om verder met sy literêre werk voort te gaan.